### *Mirjam, die moeder van die Meester*

**108** Ons gaan nou op pad en baie mense wat ons teëkom groet ons weliswaar, maar vra nie waar ons vandaan kom of waar ons heengaan nie.

[2] Maar onderweg kom ons wel vir Judas Iskariot teë, en hy vra ons waar ons was en waar ons heengaan. Hy was nie in die sinagoge nie, omdat hy met sy vis en sy pottebakkersware op die mark gestaan het, en baie geld gemaak het, wat hom groot plesier verskaf. Tog gaan hy saam met ons na My huis toe en eet daar lekker saam omdat dit hom niks kos nie. Maar na ete gaan hy dadelik terug na sy stalletjie toe en doen daar goeie besigheid, want die mark duur drie dae en allerhande handelaars doen daar baie sake en verdien goeie geld uit hulle koopware.

[3] Die volgende dag vra moeder Mirjam aan My of Ek hier weer in die openbaar iets gaan doen, en hoe lank Ek hierdie keer in die huis gaan bly en of daar nog meer mense gaan bykom, sodat sy die kosvoorraad kan aanvul want daar was amper niks meer oor nie.

[4] **Ek** sê: "Vrou, moenie oor My bekommerd wees nie, of oor My metgeselle of oor voldoende kosvoorraad nie! Want kyk, Hy wat die hele groot aarde voed en die son, maan en die sterre met Sy Liefde versadig, Hy weet alles van hierdie kleine huisie en Hy weet baie presies wat dit nodig het! Moet dus nie besorg wees nie, **want waaroor u nou bekommerd is, daarvoor is reeds van Bo gesorg!**

[5] Die Vader in die Hemele laat nie sy kinders honger ly nie, behalwe wanneer dit vir hulle verlossing nodig is.

[6] U het immers in Sigar baie duidelik gesien hoe die hemelse Vader vir sy kinders gesorg het. Dink u dat Hy sedertdien hardvogtiger geword het? Gaan kyk in die spens, en u sal sien dat u verniet bekommerd was."

[7] Mirjam haas haar na die spens, en vind dit volgepak met brood, meel, vrugte, gerookte en vars vis, met melk, kaas, botter en heuning! Toe My moeder so `n groot voorraad in die spens sien, skrik sy daarvoor; sy kom vinnig na My toe terug, val op haar knieë voor My neer en bedank My knielend vir so `n ryklike voorsiening in haar spens. **Ek** buk egter vinnig, hef My moeder op en sê aan haar: "Wat doen u nou vir My wat die Vader alleen toekom? Staan op, ons ken mekaar al immers dertig jaar lank; Ek is nog steeds dieselfde, Ek het nog nie verander nie!"

[8] Mirjam se oë skiet vol trane van vreugde, sy groet al My leerlinge en gaan dan vinnig om `n goeie middagete vir ons voor te berei.

[9] **Die leerlinge** kom na My toe en sê: "Kyk tog, wat `n liewe vrou en wat `n tere moeder! Sy is tog nou al vyf-en-veertig jaar oud, maar sy lyk asof sy pas twintig geword het! En sy is so buitengewoon lieftallig en sorgsaam, en kyk hoe swel haar waarlik gewyde en suiwer bors van pure moederliefde! Regtig, dit is `n vrou wat verhewe is bo al die ander vroue op aarde!"

[10] **Ek** sê: "**Ja, ja, sy is die Eerste** en daar sal nooit weer een soos sy wees nie! Maar dit sal ook gebeur dat mense vir haar **meer tempels sal bou as vir My,** en dat mense haar tienmaal meer sal eer as vir My, en mense sal glo dat hulle net deur haar verlos kan word!

[11] Daarom wil Ek dan ook nou nie hê dat mense haar te veel vereer nie, omdat sy goed weet dat sy die moeder van My liggaam is en ook weet Wie agter die liggaam wat sy gebaar het, teenwoordig is.

[12] Wees daarom buitengewoon goed en lief vir haar, **maar pas daarvoor op om haar nie een of ander goddelike verering te bewys nie!**

[13] Want, met al haar buitengewoon voortreflike eienskappe is sy tog steeds net `n vrou; en vanaf die beste vrou tot by ydelheid is en bly maar `n baie klein treetjie!"

[14] En al die ydelheid is die saad van hoogmoed, waaruit al die kwaad in die wêreld gekom het, nog steeds kom en altyd sal kom! Hou daarom, ook jeens My moeder, rekening met wat Ek julle nou gesê het!"

### *Die mens as werktuig in die hand van Elohim*

**109** Petrus skud sy kop en haal sy skouers op. Daarop vra **Simon** van Kana: "Wat dink jy nou? As die Meester dit so vir ons voorspel het, dan gaan dit sekerlik so gebeur en ons weet tog nou hoe ons dit moet opneem en hoe ons ons daaroor moet gedra. Hoekom moet ons nou twyfelagtig die kop skud en ons skouers ophaal?"

[2] **Petrus** sê: "Liewe broer, my kopskud en skouerophaal beteken iets heel anders as wat jy skyn te dink!"

[3] **Simon** sê: "Wat dan, liewe broer?"

[4] **Petrus** sê: "Kyk, die woord en daad van die Meester is gewyd/heilig; hoe gelukkig sou al die mense op aarde kon gewees het as hulle hierdie leer al gehad het en daarvolgens geleef het! Maar daar is soveel hindernisse - o, wanneer sal hierdie leer `n gewyde gemenegoed van al die mense op aarde wees? Maar as die Meester boonop alles nog gaan toelaat dat allerhande dinge gebeur, hoe gaan hierdie leer dan binnekort daar uitsien? Waarlik, dit

sal nog gebeur dat hierdie heerlike voedsel vir die siel op die duur nog honde- en varkkos word! Dis daaroor, my broer dat ek my kop skud en my skouers ophaal."

[5] **Ek** sê: " Petrus, laat dit nou daar! **Jy sal doen wat aan jou opgedra word; oor die resultaat hoef jy jou nie te bekommer nie**. Wat ookal nou en in die toekoms hoe ook al mag gebeur, weet alleen die Vader in die allerdiepste van Sy diepe Wysheid en Liefde, asook diegene aan wie Hy verkies om te openbaar die hoe, die wanneer en die waarom alles toegelaat word om te gebeur soos wat dit gebeur.

[6] As jy in die groot ateljee van `n kunstenaar kom en jy sien die baie verskillende soorte gereedskap, weet jy dan wel hoe die kunstenaar dit alles gebruik om `n kunswerk tot stand te bring? Daar sal jy óók jou kop skud en jou skouers ophaal, maar daarmee kom jy nie te wete hoe die kunstenaar al sy baie verskillende soorte gereedskap gebruik nie, en hoe daardeur `n bepaalde kunswerk tot stand gebring word. As die kunstenaar dit vir jou sou wou verduidelik, dan sal jy dit begryp soos wat die kunstenaar dit vir jou verduidelik het.

[7] Ek sê vir jou: Elohim is verhewe bo al die kunstenaars, en die grootste kuns is om uit Sigself `n volkome vry, selfstandige lewe in tallose afsonderlike wesens te vorm! Daarvoor is dan ook baie verskillende soorte geestelike gereedskap nodig, en jy, netsoos Mirjam en al die ander mense, is vir hierdie doel eweneens verskillende werkstukke en verskillende stukke gereedskap, wat alleen die hemelse Vader in Sy groot Wysheid weet hoe om aan te wend.

[8] Wees dus verder oor niks besorg nie behalwe oor dít waartoe jy geroep is, en dan sal jy as regte instrument in die hand van die Vader die aangewese diens bewys.

[9] Of is die koringskop belangriker as diegene wat dit as skoonmaakwerktuig gebruik? Is dit doeltreffend, dan word daarmee die koring, die gars en die rog uitgewan; werk dit nie goed nie, dan word dit óf reggemaak óf in die vuur gegooi! As die Vader jou gemaak het om as koringskop diens te doen, **bly dan dit wat jy is** en moenie probeer om ook nog `n erdepot te wees nie! Begryp jy dit?"

[10] **Petrus** sê: "Meester, ek verstaan dit nog nie heeltemal nie. Ek dink aanvanklik dat ek dit verstaan, maar sodra ek probeer om dit te deurgrond, dan begryp ek die geheimsinnig klinkende beelde nie. Hoe kan mens werk, en terselfdertyd `n stuk gereedskap wees, en op watter manier is ek dan nou `n koringskop?"

[11] **Ek** sê: "Is elke stuk gereedskap, voordat die kunstenaar dit gebruik, dan nie op sigself `n werkstuk, enig in sy soort nie? Die kunstenaar kan dit dan gebruik in die skepping van `n ander kunswerk, of om `n bepaalde werk doelmatig te verrig.

[12] Dat jy in die hand van die Vader `n koringskop is, het Ek gesê **omdat jy en die ander leerlinge nou deur My onderrig word** om straks die mense tot die ware kennis van Elohim te verhef.

[13] Die mense van hierdie wêreld is soos koring, gars en rog. Die lewende graan groei egter nie sonder kaf en smerige stof nie. Sodat die graan, dit wil sê, die mense van hierdie wêreld, van die kaf en die vuilheid skoongemaak kan word en daarna as volkome skoon graan in die skure van die Vader byeengebring kan word, daarom word julle tot goeie en lewende koringskoppe omvorm waarmee die hemelse Vader Sy graan sal uitwan. Begryp jy dit nou?"

[14] **Petrus** sê: "Ja Meester, nou is dit volkome duidelik; maar ons sou ook graag wou weet wie U nou eintlik is: want U praat altyd oor die hemelse Vader as `n tweede persoon, terwyl ons sedert Sigar U heimlik ook as Vader sien! Is U ook soms `n koringskop of `n ander instrument in die hande van die Vader?"

[15] **Ek** sê: "Ek IS eerstens die Een wat **EK IS**; daarnaas is Ek ook die Een wat Ek nie skyn te wees nie! Ek saai en oes netsoos die Vader saai en oes, en wie My as `n koringskop dien, dien daarmee ook die Vader; want waar die Vader is, daar is ook die Seun, en waar die Seun is, daar is ook die Vader. Die Vader staan egter bokant die Seun en die Seun gaan van die Vader af uit; niemand ken egter die Vader nie behalwe die Seun alleen, en diegene aan wie die Seun dit wil openbaar - is dit vir julle duidelik?"

[16] **Petrus** sê: "Meester, geen engel kan dit begryp nie, laat staan nog ons! Maar as dit U wil is, kan U ons dan eendag die Vader wys?"

[17] **Ek** sê: "Julle is daarvoor nog nie ryp nie; maar binnekort sal julle wel ryp wees en dan sal julle almal ook die Vader sien."

[18] Tydens hierdie laaste woorde kom Mirjam en haar helpsters binne en kondig aan dat die ontbyt gereed is. Dadelik word die tafels gedek en die ete ingebring.